**JUST JESUS** – preekreeks Jan-April 2022 – Londenwyk

**Ons lees:**

## Week 11: 3-9 April

## Just Jesus – Op wie kan jy vertrou al is jy bang – Markus 14

As ons soos Jesus wil wees dan moet ons tyd met Hom deurbring – in sy Woord en in gebed. En dit gee af op jou. Wie is Jesus vir jou? Ek bid dat hierdie reeks vir jou nuwe prentjies sal wys van hierdie Jesus en jou sal help om Hom nuut raak te sien en nuut te verstaan.

Vir hierdie reeks – **Just Jesus** – is daar vir elke dag van die week 'n teksgedeelte uit die Bybel wat jy kan lees. Ons gaan deur die evangelie van Markus lees. Maar moenie dit net lees nie. Dink daaroor. Lees dit weer. Wat raak jou in die gedeelte? Hoe gaan dit jou vandag challenge? Bid daaroor. Of raak net stil en wag dat die Here met jou sal praat.

Ek glo hierdie tyd wat jy met die Here en met sy Woord gaan deurbring gaan jou shape, dit gaan afgee op jou.

### Sondag 3 April se preek: Markus 14:32-36

### Maandag 4 April – Markus 14:1-9

*Jesus se voete word gesalf deur 'n vrou – om iemand se voete te salf was 'n teken van 'adoration towards someone you have a very high regard for'. Ons weet nie waarom hierdie vrou dit gedoen het nie, maar sy doen dit uit liefde en respek. Daarom maak dit nie saak hoe kosbaar hierdie nardusolie was nie! (die tweede verhaal van 'n vrou wat alles wat sy het vir die Here gee – 12:41-44).*

*Watter emosies ervaar jy oor Jesus? Are you in awe?*

*Wat doen jy wat vir ander wys hoeveel die Here vir jou werd is?*

### Dinsdag 5 April – Markus 14:10-11, 17-21

*Judas maak planne om Jesus te verloën. Heel waarskynlik omdat Jesus nie aan Judas se verwagtinge voldoen het nie. Jesus het hom teleurgestel. Hy het 'n Jesus gesoek wat die Romeinse juk afgooi en 'n aardse koninkryk met mag vestig. Dit was in sy lewe groter as al die goeie en positiewe wat Jesus oor so 'n lang tyd in sy lewe ingebou het, selfs as al die wonderwerke en genesings wat Jesus gedoen het. Hoe scary is dit!*

*Het Jesus jou al teleurgestel, of nie aan jou verwagtinge voldoen nie?*

*Watter great goed wat die Here in jou lewe gedoen het, het jy al van vergeet?*

### Woensdag 6 April – Markus 14:12-16, 22-25

*Jesus en sy dissipels hou saam die Paasmaaltyd die aand voor sy gevangenisneming, verhoor en kruisiging. Jesus breek brood en gee vir hulle wyn om te drink. Dink watter indruk dit op*

*die dissipels moes gelaat het, of waaraan hulle gedink het die volgende keer toe hulle saamgeëet het.*

*Die Nagmaal herinner altyd aan Jesus se dood, maar ook aan sy lewe op aarde. Waaraan herinner die Nagmaal jou?*

**Donderdag 7 April – Markus 14:26-31**

*Petrus belowe dat Hy defnitief nie die Here sal verloën nie, al moet hulle hom doodmaak. Sy beste voornemens het egter misluk.*

*Hoeveel van jou goeie voornemens het al misluk?*

*Hoeveel keer het jy al die Here teleurgestel?*

**Vrydag 8 April – Markus 14:32-42**

*Jesus is in Getseman. Hy is ontsteld en beangs, doodsbenoud en pleit by God om die lydensbeker weg te neem. Selfs Jesus is bang vir sy dood, MAAR Hy is bereid om God te bly vertrou. Hy was nie bang om bang te wees nie.*

*Waaroor is bang?*

*Hoe leer Jesus ons in v 36 wat om te maak met ons vrees?*

**Saterdag 9 April – Markus 14:43-52**

*Al Jesus se dissipels hardloop weg toe hulle Jesus gevange neem. Die dissipels is bang om ook gevange geneem te word. En Jesus is heeltemal alleen saam met hulle wat Hom kom vang het. Selfs op daardie punt wys die Here uit hoe lafhartig hulle is!! Hulle was bang om in die openbaar Jesus gevange te neem.*

*Hoe maak jou vrees vir mense en jou vrees vir die onsekere dat jy verkeerde besluite neem?*

*Was jy al in situasies waar jy gevoel het dat jy die Here gedrop het?*

Just Jesus